2022 / 2023 Pinocchio projek

Vervolg van vorige jare se betrokkenheid!!:

Een van Rietvallei se Omgee projekte vir 2022 / 2023 is steeds bekend as die Pinocchio projek. Die versoek is dat lede enigiets, nie net breiwerk, kon inhandig wat kinders tussen die ouderdomme 2maande en ouer benodig.

Pinocchio Kleuterskool is in Daspoort geleë en dit lewer diens aan kinders uit hoofsaaklik baie arm ouerhuise. Die projek is nogsteeds verder uitgebrei aangesien daar ook behoefte by die ouers van die kindertjies is, en sodoende word volwasse klere ens ook nou aan die kleuterskool geskenk.

Aflewering van verskeie artikels, klerasie en speelgoed asook BAIE handgebreide hasies is oor die Paasnaweek gedoen en was seer sekerlik ook weereens een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Die onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool beteken baie.

"Middag Tjaart en Rietvalleiers

Dra asb ons dank en waardering oor aan al die mense wat die pragtige hassies gebrei het. Ek wens ek kon hul wys hoe groot vreugde die hassies vir ons kindertjies bring. Hul is met liefde gemaak en ons kindertjies is verskriklik opgewonde oor hul hassies.
Baie, baie dankie ook vir al die ander skenkings dit word opreg waardeer. Julle is engele.

Pinocchio liefde groete Michele en Marie 🤗"

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale projek betrokke was.

Groete
Tjaart.

Hieronder volg 'n paar fotobeelde wat ook vanselfsprekend is:

2022 / 2023 Pinocchio projek